'Julius is nie eens óp Facebook'

Malema tydens sy toespraak op Menseregtedag. Foto: LEON SADIKI

Die VF+ het gister in 'n verklaring gesê hulle is "vasberade" om vas te stel wie die plasing gedoen het "aangesien dit tot onnodige rasse-spanning lei".

Hulle beplan om, sodra die betrokke persoon opgespoor is, verdere stappe te doen.

Die ANC-jeuliga is "teen alle vorme van haatspraak gekant" en sal "altyd pogings teenstaan om mense op grond van ras te dreig".

Dit nadat aanhangers en teenstanders van mnr. Julius Malema, jeugligaleier, boodskappe op sy aanhangersblad geskryf het wat dreig om mense van ander rasse te vermoor.

Volgens mnr. Floyd Shivambu, woordvoerder van die jeugliga, is hulle "totaal teleurgesteld" oor die media wat dié boodskappe aan die liga koppel. Hy het gister in 'n verklaring gesê Malema en die liga het niks met die blad uit te waai nie. "Malema is nie eens óp Facebook nie."

Volgens Shivambu onderskryf die jeugliga 'n "nie-rassige Suid-Afrika, waar swart en wit langs mekaar en in harmonie saamleef. Die ANC het geen planne om wit mense die see in te dryf nie. Enigiemand wat dit glo, is onnosel en dalk selfs bietjie mal."

AfriForum se regsverteenwoordigers het gister 'n prokureursbrief aan die jeugliga en Malema gestuur waarin geëis word dat hy verskoning maak vir sy "volgehoue gebruik" van die omstrede struggle-liedjie *"Awudubule (i)bhunu"* ("Skiet die Boere").

AfriForum Jeug skryf in 'n verklaring nadat hulle op 12 Maart 'n klag by die gelykheidshof in Johannesburg ingedien het, gaan Malema voort om die lied te sing.

"Indien AfriForum nie Malema se skriftelike verskoning en onderneming teen 16:00 Vrydag 26 Maart 2010 ontvang nie, sal die hooggeregshof onverwyld vir 'n dringende interdik genader word." – **Daniëlla du Plooy**